Wes-Kaapse Regering
Kultuursake en Sport

# 19de KULTUURSAKETOEKENNINGS
## Oproep om Benoemings
**Sluitingsdatum vir benoemings: 14 Februarie 2020**

**Die Wes-Kaapse Regering se Departement van Kultuursake en Sport nooi hiermee die algemene publiek uit om individue of groepe (woonagtig in die Wes-Kaap) te benoem wat in een of meer van die gebiede hier onder uitgeblink en 'n verskil gemaak het en in die proses 'n betekenisvolle bydrae gelewer het tot die verwesenliking van die Wes-Kaapse Regering se strategiese doelwitte.**

### KATEGORIEË VIR BENOEMINGS

**Naskoolse Spelwisselaar**

- Uitnemendheid op die Gebied van Afrigting van Naskoolse Kuns en Kultuur

**Argief**

- Opkomende Leier in Argief en/of Rekordbestuur
- Beste Navorser wat Bydra tot Argieferfenis

**Kuns, Kultuur en Letterkunde**

- Uitstaande Bydrae van 'n Kunstenaar tot Literêre Werke, insluitend Digkuns, Prosa en Toneel/Draaiboekskrywery
- Beste visuele, uitvoerende en literêre kunste projek wat 'n bydrae lewer tot die ondersteuning van mense met gestremdhede
- Mees Innoverende Gemeenskapsgebaseerde Kuns- en Kultuurprojek
- Jeug/Jong Kunstenaar van die Jaar Toekenning
- Gemeenskapsgebaseerde Kunsfees van die Jaar
- Bydrae tot Visuele Kunste
- Bydrae tot die Bevordering en Behoud van Kultuuraktiwiteite en Inheemse Kunsvorms

**Taal**

- Neville Alexander Toekenning vir Uitstaande Bydrae tot die Bevordering van Veeltaligheid
- 'n Projek wat Suid-Afrikaanse Gebaretaal of die Gemarginaliseerde Inheemse Tale van die Wes-Kaap bevorder
- Betekenisvolle Bydrae tot Taalontwikkeling

**Biblioteke**

- Biblioteek Vrywilliger van die Jaar
- Openbare Biblioteek Vriende van die Jaar
- Aansienlike Bydrae tot die Ontwikkeling en Bevordering van Lees en Geletterdheid (insluitend IKT-geletterdheid)
- Bydrae tot die Bevordering van Boeke in Inheemse Tale
- Produktiewe gebruiker van Biblioteekmateriaal
- Jong Skrywer van die Jaar Toekenning

## Museums, Erfenis en Geografiese Name

- Bydrae tot Navorsing, Bewusmaking en Openbare Steunwerwing oor die Standaardisering en naamsveranderinge van Geografiese Kenmerke
- Bydrae tot Bevordering van Maatskaplike Insluiting
- Beste Innoverende Projek op die Gebied van Museums, Erfenis en Geografiese Name
- Aktiewe Vrywilliger van die jaar in die Museums, Erfenis en Geografiese Name-sektor
- Bydrae van 'n Bewaringsliggaam, Erfenisorganisasie of Museum tot die bevordering van Plaaslike Geskiedenis, Erfenis of Herbenaming van Geografiese Kenmerke
- Beste Bydrae tot die Beskerming en Bewaring van 'n Nasionale, Provinsiale of Plaaslike, Beskermde Erfenisterrein

# BENOEMINGSPROSES

## Agtergrond

Die Departement van Kultuursake en Sport poog om erkenning te gee aan uitsonderlike prestasies en bydraes op die gebied van naskoolse kuns; kultuur en sportafrigting; argiewe; kuns, kultuur en letterkunde; museums, erfenis en geografiese name en biblioteke in die Wes-Kaap vir die periode **31 April 2018 tot 31 Desember 2019.**

Die toekennings is oop vir individue, organisasies en groepe wie se pogings 'n verskil gemaak het in die Provinsie se gemeenskappe. Die Departement poog om diegene wie se werk bydra tot die versterking van die platform waarop die Wes-Kaap homself kan posisioneer as 'n kreatiewe en innoverende sentrum vir uitnemendheid te vereer.

## Transversale Beoordelingskriteria

Die beoordelingskriteria hier onder sal transversaal gebruik word om alle benoemings te evalueer en daarna sal sektorspesifieke kriteria volg:

- **Impak op en ontwikkeling van gemeenskap** – die mate waartoe die benoemde meetbare en impakvolle resultate gelewer het wat maatskaplike inklusiwiteit getoon het en bewustheid versterk het
- **Innovering** – die mate waartoe die benoemde innoverend en kreatief was in sy/haar benadering tot aktiwiteite op sy/haar vakgebied

- **Identifisering van talent** – die mate waartoe die benoemde talent identifiseer en ontwikkel
- **Die teiken van fokusareas wat hoë prioriteit geniet** – die mate waartoe die benoemde aandag gee aan kwessies soos:
  - werkskepping
  - die jeug wat bedreig word
  - vaardigheidsoordrag
  - opleiding
  - verhoogde gebruik van sektordienste
  - gehoorontwikkeling binne 'n genre.
- **Jeugontwikkeling, nasiebou en die bemagtiging van vroue** – die mate waartoe die benoemde hierdie strategiese fokusareas by hulle gebied van kundigheid integreer
- **Tegniese en kreatiewe aspekte** – die mate waartoe die benoemde tegniese aanleg en kreatiwiteit binne hulle gebied van kundigheid weerspieël.

## Vereistes vir benoeming

- Benoemdes of hulle projekte moet in die Wes-Kaap woon of gebaseer wees.
- Benoemings vir toekennings moet op die aangehegte vorm ingedien word.
- Elke benoeming vir 'n toekenning moet op 'n afsonderlike vorm ingedien word.
- Benoemings moet vergesel word van 'n geskrewe motivering van een bladsy sowel as dokumentêre bewys vir die projek.
- Die toekennings wat gemaak word, het slegs betrekking op projekte wat gedurende die periode **31 April 2018 tot 31 Desember 2019** geïmplementeer is.
- Benoemings vir toekennings moet nie later as **Vrydag, 14 Februarie 2020** deur die Departement ontvang word nie.

### Beoordeling van toekennings

- 'n Paneel deskundiges sal elke benoeming evalueer en dienooreenkomstig aanbevelings doen.
- Die Departement sal die wenners van toekennings lank genoeg voor die amptelike toekenningseremonie inlig.
- Wenners sal in die openbaar aangekondig word en tydens die toekenningseremonie vereer word.
- Geen dokumentasie sal teruggestuur word nie.
- Die keuringspaneel se besluit is finaal en geen bespreking of korrespondensie sal plaasvind nie.

Benoemings kan ingedien word by:

**POS**:
Nuraan Vallie
Departement van
Kultuursake en Sport
Privaatsak X9067
Kaapstad
8000

**AFLEWERING PER HAND:**
Nuraan Vallie
Departement van
Kultuursake en Sport
Protea Assuransie-gebou
Groentemarkplein
Kaapstad
8001

**AANLYN:**
https://forms.gle/koFTdej6GXap35zG8

Vir verdere navrae, kontak me. Nuraan Vallie by tel. 021 483 9900, e-posadres:Nuraan.Vallie@westerncape.gov.za